

Hoofstuk van die dag: Psalm 5

> *U luister na my stem in die môre, Here, in die môre terwyl ek voor U verskyn en op U wag. (Ps 5:4)*

Hierdie psalm word soms ’n “oggendpsalm” genoem, en dit onderstreep hoe belangrik ons daaglikse oggend-stiltetyd is. Want hoe jy die dag begin, bepaal in ’n groot mate hoe jou dag sal verloop.

Vir enige gesonde verhouding is kommunikasie onontbeerlik. Dit geld ook ons verhouding met God. As jy naby die Here wil leef, móét jy met Hom in gesprek wees. Ons sien dit goed geïllustreer in Gen 3:8, waar Adam en Eva vir God wegkruip. Hulle het die kommunikasie met God afgesny omdat hulle die verhouding met Hom verbreek het. As ons geestelik gesond wil leef, sal ons tyd moet maak om met God te kommunikeer.
Dié kommunikasie het twee hoof-bestanddele: God praat met ons deur sy Woord (vgl Ps 119:9-16), en ons praat met Hom deur gebed en deur fyn te luister na sy reaksie (Matt 7:7-8).
Jy kan nie ’n Geesvervulde lewe hê sonder hierdie daaglikse riglyne en voeding van God nie (Spr 3:6, Joh 6:33-35).
Soos ons gesing het: “Lees jou Bybel, bid elke dag, as jy steeds wil groei.” Inderdaad.

Onlangse Bydraes

- Juda
- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026